Veekos Lusernkorrels

Nuusbrief - Mei 2018

Su-Mare McClune

Voeding van diere is ‘n baie belangrike faktor op ‘n plaas, en nog meer so tydens ‘n droogte. Diere moet goeie voeding ontvang om in kondisie te bly. Veekos se Lusernkorrel is ‘n goeie onderhoudskorrel vir diere. Die korrels kan vir alle vee, insluited volstruise, wild en perde gevoer word.

Hierdie Veekos produk is van die beste opsies – die produk bestaan uit hoë gehalte lusern en bevat ook mielies. Die produk het geen ureum, NPN of groeistimulante in nie en is dus veilig om te gebruik in Namibië. Die produk word vervaardig in ‘n 8 mm korrelgrootte.

Veekos Lusernkorrels is ‘n baie ekonomiese produk en is ‘n goeie bron van vesel vir diere. Die verkorrelde vorm dra by tot minder vermorsing van die produk. Dit is ‘n goeie ru-voer bron en kan as ‘n droogtevoer gebruik word of in die plek van ruvoer.

Veekos Lusernkorrels is ook ‘n goeie produk wat gebruik kan word wanneer diere aangepas moet word na ‘n afrondrantsoen. Dis ‘n goeie vervanging van ruvoer wanneer geen strooibale of lusern beskikbaar is nie. Daar is ook geen beperking op hierdie produk se innames nie.

VEEKOS (Pty) Ltd
Reg-no: 2000/013097/07
Tin street 15, Laboria, Upington
PO Box 55, Upington, South Africa
Tel (+27) 054 331 1351

Omdat Veekos Lusernkorrels ‘n goeie onderhoudsrantsoen is, kan dit vir die volgende gebruik word:

- Voer van droë ooie
- Onderhoud van teelramme
- Die korrel kan gevoer word wanneer diere siek is in ‘n kamp
- Aanpassingsrantsoen voor ‘n afrondrantsoen gevoer word
- Onderhoudsrantsoen vir perde, volstruise en wild
- Droogtevoeding
- Ruvoer plaasvervanger

Die gradering van lusern word bepaal deur ‘n standaard wat deur die Nasionale Lusern Trust (NLT) opgestel is. Die standaarde is in 2010 verander soos in die grafiek hier onder aangetoon. Die lusern word in vier verskillende groepe gedeel en die beste en die hoogste klassifikasie is Prima. Graad 1 is ook ‘n hoë geklassifiseerde lusern en het geen vreemde material by nie. Graad 2-3 is lusern van swakker gehalte wat vreemde materiale in het. Die verteerbaarheid van die lusern bepaal grootendeels die klassifikasie van die lusern.

Nasionale Lusern Trust klassifisering:

Kwaliteitstandaarde – Nuwe lusernkwaliteitsindeks (NLKI)

Graad / Klas	***NLKI***	***Vreemde materiaal***
Prima	***104 en hoër***	***Afwesig***
1	***97 – 103***	***Afwesig***
2	***93 - 96***	***Aanwesig***
3	***92 en minder***	***Aanwesig***

VEEKOS (Pty) Ltd
Reg-no: 2000/013097/07
Tin street 15, Laboria, Upington
PO Box 55, Upington, South Africa
Tel (+27) 054 331 1351

Nuwe lusernkwaliteitsindeks (NLKI)

- Maksimum vog toegelaat om muf en verhitting te verhoed en soos bepaal deur 'n NIR instrument = 16%
- Kontaminasie met skadelike plante en geproklameerde onkruide word afgekeur
- Vragte met vreemde reuke, muf en tekens van oormatige verhitting kan afgekeur word
- Indien vragte ooglopend as gemengde kwaliteit geidentifiseer word sal as die swakste graad op die vrag geklassifiseer word.

HJ van der Merwe & GDJ Scholtz, 2010

Laastens – Ander interessante inligting

Nie net diere vind baat by lusern nie, mense kan dit ook gebruik.

Die Arabiere het jare gelede lusern geplant om aan hul perde te voer. Hulle het agter gekom die diere se spoed en stamina het verbeter as hulle lusern eet. Lusern is eintlik ‘n krui wat eeue gebruik was as ‘n lewer- en bloedreiniger. Lusern is ook goeie behandeling vir maagsere, arthritis en vogretensie.

Dit is ook bekend dat lusern cholesterol in die bloed verminder en dit help ook om geakkumuleerde uriensuur in die vertikale aarwande op te los volgens kenners. Dit kan ook as ‘n baie goeie en effektiewe asem verfrisser gebruik word.

Resep om die begenoemde te probeer :

Laat trek 2 teelepels lusern in koppie kookwater vir 15 minute. Drink jou lusernteetjie 2-3 keer per dag en kyk wat doen dit vir jou!

NB!! Moet egter nie die saadjies gebruik vir jou tee nie - dis baie giftig! En swanger vrouens moet die tee liefs vermy.

February 18, 2015 - die Vryburger